*Aanlyn Erediens op die Zoom toepassing*

*19 Februarie 2023*

**Kruiskerk.co.za**

***info@Kruiskerk.co.za***

**Skriflesing** : 2 Petrus 1: 16 tot 21

**Tema :** ... totdat die môreson in julle harte opkom.

\

## Broodjies vir die Pad

**"Old friends cannot be created out of hand. Nothing can match the treasure of common memories, of trials endured together, of quarrels and reconciliations and generous emotions. It is idle, having planted an acorn in the morning, to expect that afternoon to sit in the shade of the oak."**
― Antoine de Saint-Exupéry, Wind, Sand and Stars

**"There are these rare moments when musicians together**
**touch something sweeter than they've ever found before in rehearsals or performance, beyond the merely collaborative or technically proficient, when their expression becomes as easy and graceful as friendship or love. This is when they give us a glimpse of what we might be, of our best selves,and of an impossible world in which you give everything to others, but lose nothing of yourself."**
― Ian McEwan, Saturday

**"Imagining what it is like to be someone other than yourself is at the core of our humanity. It is the essence of compassion and the beginning of morality"**
― Ian McEwan

**"People are meant to live in an ongoing conversation with God, speaking and being spoken to."**
― Dallas Willard, Hearing God: Developing a Conversational Relationship with God

**Hans du Plessis. "Virrie Jirre: Psalm 115"**
**VIRRIE JIRRE**
Nie vi onsie, Jirre, nie vi onsie,
ma vi u se genade en u se trou,
sal ons u Naam op onse lippe hou!
Nou kom vra die nasies: Wa bly dié Jirre van jou?
Hy woon innie jimmel, en Hy doen wat Hy wil!
Jille se gotte is klip en klei yt mensehanne yt gebrei:
Hille't monde, ma hille pratie; hille't oge, ma hille sienie.
Hille se ore kannie horie, en hille se nese willie rykie.
Hille se voete loop lam en hille se handjies raak rond – en klei-kele dié kan mossie klinkie!
Jille wat goejoppe maak, jille gat self ok skynheilag raak.
Mens-goed vannie dyne, vetrou oppie Jirre,
Hy's jille se pyl en Hy's jille se boog!
Jille wattie Jirre vrees, vetrou oppie Jirre,
jille se pyl en jille se boog!
Die Jirre het ons geonthou, en Hy't ons gekom seën.
Ons wat Hom vrees, ons sal geseënd wees.
Hy sal ons meerderder maak, ons en onse kinnerse.
Dis nou dieselle God dié wattie jimmel ennie aarde
in Hom heilage hanne hou.
Die jimmel is virrie Jirre ennie aarde issie mense s'n.
Asems wat kla gevetrek het, kannie van God getygie,
ma ons wat nog lewe, ons, ons moet Hom lowe! Etse!

**"With the buck before me suspended in immobility, there seems to be time for all things, time even to turn my gaze inward and see what it is that has robbed the hunt of its savour: the sense that this has become no longer a morning's hunting but an occasion on which either the proud ram bleeds to death on the ice or the old hunter misses his aim; that for the duration of this frozen moment the stars are locked in a configuration in which events are not themselves but stand for other things."**
― J.M. Coetzee, Waiting for the Barbarians

**"But what will he do when he sees only too clearly why his patient is ill; when he sees that it arises from his having no love, but only sexuality; no faith, because he is afraid to grope in the dark; no hope, because he is disillusioned by the world and by life; and no understanding, because he has failed to read the meaning of his own existence?"**
― Carl Gustav Jung, Modern Man in Search of a Soul

**Koos Kombuis: Herinneringe van 'n Afrikaanse kerk**
Netwerk24

Hy dink die laaste tyd met 'n vae nostalgie terug aan eredienste, maar toe lees Koos Kombuis 'n berig oor kerksake wat hom met hartseer en verbystering vervul het.

My herinneringe van my jeug in ’n Afrikaanse kerk.

Dis ’n vae droom van bruin houtpanele, dominees met dralende stemme, trae orrelmusiek, omies wat veraf hoes, en die geritsel van bladsye soos Psalm- en Gesangboeke omgeblaai word.

Ek het die kerk so lank reeds verlaat dat ek nie meer die verskil kan onthou tussen die Doppers en die NG kerk nie. Daar is blykbaar ’n derde een ook, want almal praat van “die drie susterskerke”, maar ek het geen idee wat hulle naam is nie en ek het nog nooit in my lewe iemand ontmoet wat sê dat hy van die derde susterskerk afkomstig is nie.

Soos die Drie-eenheid van God, bly die drie-eenheid van Afrikaanse kerke ’n ewige misterie.

My herinneringe van my jeug in ’n Afrikaanse kerk.

Ek is al lankal nie meer kwaad vir Afrikaanse kerke nie, dis nie hoekom ek vandeesweek hieroor wil skryf nie. Ek voel aangetrokke tot hierdie onderwerp, deels uit nostalgie, deels uit skuldgevoelens.

Ware skuldgevoelens, nie die vals tipe skuldgevoelens wat die dominees jare terug op my afgedwing het nie.

Die kerk was nie net sleg vir my nie. In my prille jeug was Sondagskool nie ’n algehele waardelose ervaring nie. Ten minste het dit my op ’n soeke na God geplaas. In jou jeug is dit juis ’n goeie tyd om te soek na ’n geloof of ’n waardestelsel.

**Skuldgevoelens**

Ons het ’n tekort daaraan vandag. Everything goes. Baie mense leef in ’n morele vakuum en ervaar die lewe as ’n rigtinglose gespartel om bloot kop bo water te hou. Daar is te min mense wat hul eie spiritualiteit ernstig opneem en opreg wonder oor hul plek en hul bestemming in die wêreld en die heelal.

En om by my eie skuldgevoelens uit te kom, ja, my ware skuldgevoelens: dit pla my deesdae al hoe meer, ja, dit pla my dat ons, die geslag sogenaamde “Alternatiewe Afrikaners’ (hulle benaming, nie ons s’n nie) wat gerebelleer het teen die skynheiligheid van al die Bothas en die ander omies destyds, ’n hele generasie jong mense geleer het om te protesteer en te twyfel en gesag uit te daag. En dit was nodig.

Maar nou sit daar ’n hele geslag jong Afrikaanse mense wat in ’n eksistensiële vakuum voortploeter. Die ou gode het gesterf en hulle vind geen nuwe gode om die plek van die oues in te neem nie.

Ek het dit gesien in die fliek Johnny is nie dood nie. Die verwesenheid van die verlore geslag.

Reik die kerk uit na hierdie mense? Wil hulle? Kán hulle? Is dit waarvoor hulle staan nog relevant?

Waaroor debatteer Afrikaanse kerke vandag? Wat gaan aan agter daardie wit mure, siersteenbakstene en spits torings?

Toe ek jonk was, het die kerk gedebatteer oor of vroue langbroeke mag dra.

**Doppers se vraag**

Ek het my antwoord hierop onverwags verlede week gekry toe ek ’n berig op Netwerk24 raaklees waarvan die opskrif my oog gevang het.

Die opskrif het gelui: Is ’n video-opname van ’n erediens steeds kerk, vra Doppers.

Dis geskryf deur Johan Eybers. Hy doen berig oor die onderwerpe onder bespreking by die algemene sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.

Een van die onderwerpe waaroor driftig gedebatteer is, volgens Eybers, was juis hierdie vraag:

“Is ’n video-opname van ’n erediens ’n waardige plaasvervanger vir die ware Jakob? En kan ’n lidmaat werklik die seën van die Here ontvang deur net daarna te kyk?”

Ek moes die paragraaf drie keer lees voor ek verstaan het wat hulle nou eintlik sê daar.

Goeiste.

“Die sinode het Donderdagaand na ’n hewige debat oor die kwessie besluit om dit na ’n taakspan vir ondersoek te verwys.”

’n Taakspan. O aarde.

Amper soos die ANC met Eskom!

Dit het my genoop om vinnig te loer na die datum. Is dit dalk 1 April?

Blykbaar nie.

Die sinode het regtig oor hierdie onderwerp gedebatteer.

Volgens Eybers – sy woordkeuse, nie myne nie – het hulle as’t ware oor hierdie saak “gestoei”.

Hopelik nie letterlik nie? Was die ouens met die rooi barette dalk betrokke?

“Gelukkig was daar lig aan die einde van die tonnel.”

**Eredienste op YouTube**

Toe tref die déjà vu my soos ’n vuishou.

Toe ek jonk was, het die kerk gedebatteer oor of vroue langbroeke mag dra. Later het hulle gedebatteer oor gays. Niks het verander nie!

Ek het met ’n groeiende gevoel van afgryse en beklemming verder gelees:

“As jy nie die streep trek nie ... dan maak jy die deur oop vir mense wat by hul huise sit en nagmaal hou terwyl die nagmaaldiens (by die kerk) gehou word.”

Wat de ...?

“As jy hulle nie by kerkgebou sien nie ten opsigte van erediensbywoning nie dan weet jy nie wat hulle doen nie. So ons beweeg op ’n gevaarlike terrein oor die toepassing van die tug as ons sê jy kan maar by die huis op YouTube na eredienste kyk.”

Nou ja, nou toe nou!

Gelukkig was daar lig aan die einde van die tonnel.

’n Oplossing vir hierdie netelige kwessie is gelukkig op pad.

“Hulle hoop om oor sowat drie jaar uitsluitsel oor die saak te kry.”

DRIE JAAR!

ONS KAN NIE SO LANK WAG NIE!

’n Oomblik van stilte.

(Stilte.)

(Iemand wat iewers hoes. Dit eggo deur ’n half-leë gebou.)

**Land brand**

Praat van engele wat dans op die punt van ’n naald!

Die land brand, en dít is die twak waarmee hulle worstel?

Ek was totaal verbysterd nadat ek die storie gelees het.

Verbysterd, en hartseer.

Ek voel deesdae dikwels ’n vae nostalgie oor die kerk. In so ’n mate dat ek verlede jaar kilometers ver gery het op die platteland om foto’s van kerke te neem en sketse van hulle te maak. Daar is ’n klompie werklik mooi ou kerkgeboue in ons land. Wellington en Swellendam, om maar net twee te noem. Die Moederkerk in Stellenbosch is ook ’n pragtige gebou.

My eie katkisasiejare is geslyt in die kerk wat vandag bekend staan as die Kruiskerk in Andringastraat.

Ek het soveel gemengde gevoelens as ek nou voor daardie imposante struktuur staan.

Walging, vrees, angs.

Ja, maar ook ’n dankbaarheid.

Ek is dankbaar dat ek die kerk oorleef het.

*Koos Kombuis is ’n afgetrede popster wat deesdae in suburbia woon en wonder of daar lewe op ander planete is. Die menings van skrywers is hul eie en weerspieël nie noodwendig dié van Netwerk24 nie.*

**Brood vir die Pad**

Geestelike waardes: Akkuraatheid én opregtheid lei tot geloofwaardigheid
Netwerk24

In sy boek wat verlede jaar in Engels as A Philosophy of Lying verskyn het, merk die Noorse filosoof Lars Svendsen op: “The opposite of lying is not the truth, but truthfulness.”

Svendsen wys verder daarop, in aansluiting by die Britse filosoof Bernard Williams, dat waaragtigheid (“truthfulness”) ten nouste met die twee deugde van opregtheid en akkuraatheid saamhang.

Met opregtheid bedoel hy die karaktertrek om met integriteit vir ander te vertel hoe ons iets waargeneem het.
Met opregtheid bedoel hy die karaktertrek om met integriteit vir ander te vertel hoe ons iets waargeneem het. Akkuraatheid verwys na die poging om na die beste van jou vermoë iets weer te gee soos wat dit in werklikheid is. Uiteraard het opregtheid min waarde as jy nie poog om so akkuraat moontlik die waarheid van die leuen te onderskei nie.

Svendsen onderskei dan ook tussen “truthfulness” en “truthiness” – ’n woord wat gemunt is deur die Amerikaanse komediant Stephen Colbert (en in 2005

die Amerikaanse Dialekvereniging se woord van die jaar was). "Truthiness" dui op die retoriese strategie waarvolgens jy iets vir waar aanbied omdat dit vir jou waar voel, sonder enige wil om op bevestigde feite of logika te steun. Wat nogal herinner aan die skerpsinnige opmerking van die speurder Benoit Blanc (vertolk deur Daniel Craig) in die rolprent Glass Onion: A Knives Out Mystery: "It's a dangerous thing to mistake speaking without thought for speaking the truth."

Aan die ander kant het blote akkuraatheid min nut as jy doelbewus ander probeer mislei. 'n Mens kan immers met die feite lieg deur hoe jy sekere dinge uitlig en ander verswyg. Al jou stellings kan selfs waar wees en tog kan jou groter verhaal 'n leuen dien. Svendsen waarsku ook teen die lewenshouding waarvolgens ons dit wat ons as 'n waarheid sien in gemeenheid drenk om ander mee te verwond, met verwysing na William Blake se woorde: "A truth that is told with bad intent / Beats all the lies you can invent."

Alleenlik as jy die deugde van akkuraatheid én opregtheid uitleef kan jy as betroubaar of geloofwaardig gesien word. Die belangrike punt van Svendsen se boek is dat dit 'n groot verlies is as ons nie meer vertroue in mekaar se woorde het nie. Wanneer ons mekaar nie meer as geloofwaardig sien nie. Só 'n kroniese wantroue vergif ons.

Daarom hou die aforisme uit Friedrich Nietzsche se Beyond Good and Evil waarmee Svendsen sy boek inlei ook vir ons persoonlike verhoudings en politieke lewe vandag 'n ongemaklike spieël op: "Not that you lied to me, but that I no longer believe you, has shaken me."

RRV

**wynandgnel@outlook.com  082  901 5877**